View metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CORE

provided by Koers (E-Journal)



# Is die Afrikaanse Psalmberyming Teologies Verantwoord?

**Dr. W. J. B. Serfontein: Die psalm as kerklied, Callenbach, Nijkerk, 1956.**

**'n Moeilike opdrag.**

Dit is 'n vererende maar moeilike taak wat die redaksie van **Koers** my opgedra het om die teologiese aspekte van die bogenoemde werk te bespreek. Vir iemand wat so naby aan die vertolker van die psalms in Afrikaans staan en soveel jare saam met hom gewerk het, is die gevaar van subjektivisme groot. Om verskillende redes is die versoek egter aanliklik, die deurslaggewendste waarvan is dat die psalms op die vakgebied van die ondergetekende lê en hy so pas die verklarende aantekeninge daarby voltooi het. Een ding is seker—ook in die kringe van die Gereformeerde Kerk moet 'n standpunt ingeneem word teenoor hierdie werk wat as 'n uitdaging tot ons kom. Die skrywer sal probeer om so nugter en so objektief as moontlik te bly.

**Wie dr. Serfontein is.**

Ons maak hier dankbaar gebruik van 'n bespreking van die genoemde werk deur W. J. G. Lubbe in **Die Voorligter** van Mei 1957. Hiervolgens het dr. S. in 1951 die kandidaatseksamen in die teologie aan die Kweekskool te Stellenbosch afgelê en nog aan die einde van dieselfde jaar na Nederland vertrek vir verder studie. In Junie 1955 het hy die doktoraaleksamen in die Teologie aan die Universiteit van Utrecht afgelê en in Des. 1956 gepromoveer tot doktor met bogenoemde proefskrif en wel aan die Stedelike Universiteit van Amsterdam, met prof. dr. E. L. Smelik as promotor.

Dr. Serfontein is begaafd met 'n goeie stem en is bekend as uitnemende tenoorsanger. Hy stel besonder belang in die kerklied, sodat die keuse van sy onderwerp vanselfsprekend is. Onlangs is hy deur die eksamenkommissie van die Transvaals N.G. Kerk gelegitimeer.

**'n Belangrike werk.**

Die skrywer toon dat hy 'n baie deeglike studie van sy onderwerp gemaak het en in die toekoms sal die teologiese wetenskap, sowel as eventuele kerklike kommissies in verband met die kerklied, met hierdie werk terdeë rekening moet hou. Dit is trouens ook die eerste werk wat

'n kritiese beskouing gee oor die teologiese betekenis van wyle dr. J. D. du Toit. Tereg het dr. Serfontein opgemerk dat daar in die verlede feitlik uitsluitlik aandag gegee is aan die digter Totius.

**Kort oorsig oor die inhoud.**

Hier volg ons die opsomming van W. J. G. Lubbe op die voet. Hoofdoel van die promovendus was om die teologiese inhoud van die Afrikaanse psalmberyming onder die soeklig te plaas, om sodoende vas te stel of die liedere wel teologies verantwoord is. Vir sy ondersoek noem dr. S. o.m. die volgende gronde: 1. Die Nederlandse psalmberyminge wat deur Totius benut is, is teologies nie altyd suiwer nie en die digter se beste poginge kon hom nie vrywaar van die teologiese inkonsekwensies wat in sy Nederlandse voorbeelde voorkom nie. 2. Totius self het sy berymingswerk nie durend en deeglik genoeg met die Hebreeuse teks gekontroleer nie. 3. Meer as een Ou-Testamentikus moes met hierdie ontsaglike taak belas gewees het. Die enkele mens Totius, hoe voortreflik ook al, kon nooit aan die stemmingsverskille van die 150 psalms reg laat geskied nie. 4. Geen mensewerk is ooit volmaak nie. 5. Die beryming dra al te sterk die stempel van Totius se individuele teologie. Met die leer van die predestinasie as hoofstut word sy teologie opgebou volgens die beginsel van die antitese, dieselfde beginsel wat ook merkbaar sou wees in sy gewone poësie en in sy politieke en kulturele denke. Die psalmberyming toon dus 'n sterk eksklusiewe strekking. 6. In baie gevalle is elemente van die Semitiese liturgie oorgedra na die Christelike sfeer. So word bv. distansie tussen Israel en sy vyande geprojekteer in die Christelike sfeer as die distansie tussen gelowiges en ongelowiges.

**Metode van behandeling.**

Dit is onmoontlik om hierdie werk in detail te bespreek sonder om self 'n lywige boekdeel te produseer. Dit is in elk geval gewens dat 'n geesverwant van Totius 'n soortgelyke studie onderneem. Dan het ons die vraagstukke van twee kante besien. Ons sal ons hoofsaaklik beperk by enkele van die grondstellinge van dr. S. en dan veral punte 5 en 6. Ons gaan nie op stelling 1 in nie, omdat dit ons in hoofsaak te doen is om die teologie van die Afrikaanse vertolker. As dit die toets kan deurstaan, verval die bewering van dr. S. dat die Nederlandse beryminge Totius parte gespeel het. Wat punt 2 betref kan ons kort wees. Dr. S. mag verskil van die weergawe van die Hebreeuse teks maar om te

beweer dat iemand wat gedurig in verband met die Bybelvertaling met die Hebreeuse teks besig was die beryminge nie „durend en deeglik genoeg" met die Hebreeuse teks gekontroleer het nie, gaan 'n mens se verstand te bowe. Dit gaan hoofsaaklik om 'n teologiese visie soos ons hieronder hoop aan te toon. Wat punt 3 betref: daar was 'n interkerklike kommissie wat die beryming gekontroleer het. Moontlik sou dit goed gewees het as daar meer Ou-Testamentici betrokke was. Maar een saak wil ons sterk beklemtoon: hoeveel mense daaraan mag meewerk, per slot van rekening is 'n digter nodig, anders word dit semiprosaiese maakwerk. Wyle prof. Van der Leeuw—self 'n uitnemende kenner van die kerkmusiek—het in ons teenwoordigheid gesê dat hulle in Nederland 'n nuwe psalmberyming nodig het, maar—„we hebben geen Totius". Mag ons dit tog as 'n ernstige begeerte uitspreek dat **daar nooit in die toekoms 'n revisie van die psalmberyming onderneem word as daar nie 'n digter by die grasie van God is nie.** En dan by voorkeur iemand wat ook teoloog en Ou-Testamentikus is. Punt 4 sou Totius seker self onomwonde toegegee het. Met die vordering op die gebied van die teologiese wetenskap sal 'n hersiening van die beryming (net soos van die Bybelvertaling!) mettertyd wel nodig word, maar dan onder die gestelde beding.

Ons bepaal ons dus hoofsaaklik by punte 5 en 6, omdat hier die grondbeginsels lê.

**Die agtergrond**

Ons moet die werk van dr. S. sien teen die agtergrond van sy opleiding in Nederland. Dit is uit sy werk glashelder te bemerk dat hy baie sterk onder die invloed van sy Nederlandse leermeesters gekom het en dat die Gereformeerde teologie vir hom 'n grootheid geword het waarvan 'n mens nie veel notisie hoef te neem nie. Dit blyk uit sy bibliografie wat Gereformeerde werke slegs by hoë uitsondering noem en uit die hele opset van sy studie. Sonder kritiek word die hoërkritiese beskouinge van manne as Beek, Eichrodt, Vriezen ens. oorgeneem en volgens hierdie maatstawwe word die teologie van dr. J. D. du Toit beoordeel! As daar bygevoeg word dat die spore van die dialektiese teologie ook duidelik merkbaar is, dan is genoeg gesê om te toon dat die hoek van waar uit die psalmberyming benader word ver van die gees van Totius verwyder is. In sy hele teologiese arbeid was lsg. fel gekant teen die Skrifkritiek.

Dit is natuurlik 'n saak van die vryheid van die teoloog om die rigting te volg wat na sy oortuiging die regte is, maar dan moet hy ons ook die vryheid gun om die wetenskaplikheid van sy metode te betwyfel. Gereformeerde teoloë neem ten minste kennis van wat deur alle rigtinge geskryf is en die werk van dr. S. sou seker anders uitgeval het as hy ook kennis geneem het van die werke van manne soos G. Ch. Aalders, J. Ridderbos, C. van Gelderen ens.

Dit gaan vir ons nie daarom dat dr. S. verskil van Kuyper e.a. nie, maar om die vraag of wat hy sê **Bybels en konfessioneel verantwoord is**, en hieromtrent het ons ernstige bedenkinge, soos onder aangetoon sal word. . Ook hierin moet sy vryheid erken word, maar dit val vir ons moeilik om te begryp dat 'n Gereformeerde teoloog soos Totius —van wie dr. S. self sê dat hy by die Bybelvertaling „pynlik-konsensieus" was wat die leerstellige inhoud van die Skrif betref—beskuldig word dat hy kettery in die Afrikaanse psalmberyming ingedra het!

**Die Uitverkiesing.**

„Die predestinasie is die hoofstut van die teologie van wyle dr. du Toit". Ja seker. Het ons dan nie hier te doen met die „hart van die kerk" nie? Maar volgens dr. S. het Du Toit geglo aan 'n partikuliere (uitverkiesende) genade wat alleen op „uitverkiesde" gelowiges van toepassing sou wees. (Is „uitverkore" nie beter Afrikaans nie?). Dit het Du Toit van Kuyper geleer maar hy het—soos Van Ruler aangetoon het—Kuyper misverstaan. Dié spesifieke opvatting van die uitverkiesing het bv. in psalm 33: 6; 65: 2; 105: 10 (berym) sy beslag gevind. Die berymer se gedagte is dan dat die „uitverkiesdes" sinoniem is aan die gesaligdes en die „verwerptes' 'aan die ongelowiges. Teen hierdie interpretasie van die leer van die goddelike verkiesing het dr. S. beswaar want dit het volgens hom geen steun in die Bybelse psalms nie. „Die goddelike verkiesing vind volgens die O.T. voorstelling sy fokuspunt in die gedagte dat Israel deur God geroepe is tot 'n bepaalde diens." Dit wil ons dus voorkom of dr. S. van gevoele is dat die uitverkiesing tot saligheid nie in die O.T. bekend is nie.

**Het dr. J. D. du Toit Kuyper misverstaan?**

Dit moet betreur word dat dr. S. nie die belangrike dissertasie van S. J. Ridderbos oor die **Theologische Cultuurbeschouwing van dr. A. Kuyper** geraadpleeg het nie. Al die kritiek wat teen Kuyper ingebring is—ook die van Xan Ruler—word hierin uitvoerig behandel en getoets

(bl. 275 v.). Nou wil ons nie outoriteit teen outoriteit stel nie, maar vra: is die beskouinge van Kuyper Skriftuurlik verantwoord? Ridderbos toon aan dat in die bronne wat Kuyper noem die Skrif vooropgaan en verwys na die **Gemeene Gratie**, II, 87. „Aan het Schriftbewijs heeft Kuyper dan ook alle aandacht besteed. Meer dan Van Ruler die hem poogt te weerleggen" (bl. 283). Hoewel Ridderbos Van Ruler op enkele punte gelyk gee, handhaaf hy tog die grondstelling van Kuyper en konkludeer: „Men kan slechts benieuwd zijn hoe Van Ruler op deze wijze zijn theologische reis wil vervolgen zonder in het klooster van doopersch ascetisme of op den kermis der algemeene verzoening zijn einde te vinden" (bl. 285). Dit wil dus voorkom of die misverstand by Van Ruler was.

Dr. S. sê nie in soveel woorde wat sy eie gedagtes aangaande die uitverkiesing is nie, maar die enkele uitsprake wat bo genoem is gee die indruk dat hy onder die bekoring van die dialektiese teologie gekom het. Ons gee hier kortliks die gedagtes van Barth sodat die lesers self kan oordeel of ons vermoede reg is. Hierdie grootmeester van die dialektiese teologie sien die predestinasie nie as 'n vasstaande besluit van God nie; dit is nie 'n van ewigheid genome, onveranderlike dekreet nie. So 'n vaste, onveranderlike besluit sou te kort doen aan Sy absolute soewereiniteit. God sou die „gevangene" van Sy eie Raad wees. Die predestinasie is nie 'n vir altyd vasgelegde, tevore beraamde raad van God nie, maar 'n volkome vrye daad van God. Die mens kan nou 'n verkorene wees en dan weer 'n verworpene. Verder is dit die gedagte van Barth dat die verkiesing nie 'n skeidingslyn tussen die mense trek nie. Die mensheid is nie verdeel in twee groepe waarvan die een 'n bepaalde getal uitverkorenes bevat en die ander 'n bepaalde getal verworpenes nie. 'n Derde grondtrek in die Barthiaanse verkiesingsleer is ook dat daar nie sprake kan wees van 'n vaste, onveranderlike verkiesing nie. Hy kan dan ook die leer van die volharding van die heiliges nie aanvaar nie. (Hierdie uiteensetting is ontleen an die werk van dr. K. Dijk—**Van eeuwigheid verkoren**, Delft 1952). Dr. Dijk sê van hierdie dialektiese beskouing dat dit „lijnrecht tegenovergesteld aan de beschouwingen van de gereformeerde theologie en scherp-antitetisch tegenover Augustinus en Calvijn, tegenover Heidelberg en Dordrecht" is. Ook dr. G. C. van Niftrik wat simpatiek staan teenoor Barth erken: „Hier komen wij natuurlijk in conflict met de ouder Gereformeerde leer der uitverkiezing" (**Kleine Dogmatiek** (5), Nijkerk, 1953, bl. 115).

Dr. S. skryf op bl. 117, 118; „Die gevaar bedreig ons Calviniste altyd weer dat ons seker van die heil gaan voel, a.g.v. die plek wat die leer van die uitverkiesing by ons inneem, i.p.v. om altyd weer te bid dat ons dié genade opnuut deelagtig mag word. Sodra 'n sekerheid ontstaan, word die menslike skeppingsdrang afgesnoer." Maar hoe rym hy dit met die Dordtse Leerreëls 1, 12, 14: „Van hulle ewige en onveranderlike uitverkiesing tot saligheid word die uitverkorenes op die regte tyd, ofskoon met verskillende trappe en in ongelyke mate, verseker . . . . Uit die gevoel van die versekerdheid van hierdie uitverkiesing vind die kinders van God daagliks meer rede om hulself voor God te verootmoedig . . . . Sodat dit onmoontlik is dat hulle deur hierdie leer van die uitverkiesing en deur die oordenking daarvan sou vertraag in die onderhouding van die gebooie van God of dat hulle deur na die vlees te lewe sorgeloos sou word". Ons weet dat die konfessie altyd appellabel bly aan die Skrif, maar moet dan nie die weg van gravamen gevolg word nie?

Ons kan tot geen ander konklusie kom nie as dat die werk van dr. S. openbaar dat hy nie met albei sy voete op die grondslag van die Gereformeerde belydenis staan nie. Op die eerste bladsy van sy werk haal hy die volgende woorde van dr. J. D. du Toit aan: „Ons moenie vergeet dat ons geroepe is om voort te vaar tot die volmaaktheid: dat ons Gereformeerd is om te reformeer.". Hierdie spreuk kan waarlik nie as motto van die boek van dr. S. dien nie. Reformasie het vir Totius beteken: terug na die grondslae van Skrif en Belydenis.

**Die Antitese.**

Uit sy opvattinge oor die uitverkiesingsleer volg ook die beskouinge van dr. S. ten opsigte van die leer van die antitese wat — volgens dr. Brillenburg Wurth — van allesbeheersende betekenis in die teologie van Kuyper is. Die aanvalle op hierdie leer kom ook van die kant van die dialektiese teologie. Dit gaan hier veral oor die groot vraag of die Christene georganiseerd moet optree dan wel of alles aankom op indirekte, persoonlike invloed waardeur die Christelike beginsel soos 'n suurdeeg die meel kan deursuur. Eersgenoemde is die standpunt van Kuyper en sy volgelinge en laasgenoemde die van Barth c.s.

Ons kan hier nie op al die besware ingaan nie. Dr. Brillenburg Wurth erken dat die kritiek soms die vinger op wondplekke in die Geref. lewe lê, maar is tog oortuig dat dit nie noodsaaklike gevolg van

die antitese-beginsel is nie. . En dan toon hy aan dat die antitese uit die Skrif volg. Kenmerk van die genade is van die begin af dat dit die groot, definitiewe skeidslyn in die menselewe trek. Dit begin by Gen. 3: 15 (vyandskap tussen twee beginsels) en gaan voort in die twee lyne: Kain-Set, Isak-Ismael; Jakob-Esau ens. Christus kom tot 'n val en opstanding, tot 'n krisis ('n oordeel) in die wêreld). Teenoor Christus gaan die mensheid in die diepste sin uiteen. (Vgl Brillenburg Wurth: **De antithese in dezen tijd**, Kampen, 1940, bl. 7 v.).

Op hierdie stadium kan ons ook ingaan op 'n bewering van dr. S. dat dit ongeoorloof is om die teëstelling tussen Israel en die volke oor te dra op die Nieu-Testamentiese verhouding van die kerk teenoor die wêreld. Ons vra: Gaan die N.T. ons dan nie daarin voor om die beloftes van God aan Israel op die kerk en die koninkryk van God in die nuwe bedeling oor te dra nie? Is die subjek van die psalms dan nie per slot van rekening die gelowige van alle tye nie?

Dr. S. meen op grond van sy uitgangspunt dat psalms soos 41 (vers 5); 69 (vers 11) en 'n hele groep saam met hulle „foutief geïnterpreteer" is met die gevolg dat 'n antitese gehandhaaf is tussen die „kerkvolk" en hulle wat buite staan. „Daarby klink die vergeldingskreet van die Semiet, wat op 'n oog-om-oog en tand-om-tand-etiek gebaseer is, so sterk deur die Afrikaanse beryming dat dit indruis teen die evangelie van liefde!" (bl. 215).

**Die „vloekgebede".**

Dit bring ons by die vraagstuk van die sg. „vloekgebede". Die beskouing van dr. S. is presies die van die deursnee kritiese geleerde. Ook hier moet ons dit betreur dat hy nie notisie geneem het van die onlangs verskene deeglike kommentaar van dr. J. Ridderbos oor die Psalms nie, waarin die vraagstuk van die vloekgebede uitvoerig behandel word. As dr. S. dan van hierdie uiteensetting verskil het sou ons sy teenargumente kon verneem het. Van die na ons oortuiging goedgebalanseerde en Skriftuurlik gefundeerde opvatting van Ridderbos gee ons hier net die hoofgedagtes:

1. Ons verstand en hart mag hier nie regter wees nie, maar alleen die Heilige Skrif. Veroordeling van die vloekgebede sou inhou dat ons die psalmbundel nie meer reken tot die boeke wat ons „as heilig en kanoniek aanneem" nie (N.G.B. art. 5). 2. In die vloekgebede word die digters dusdanig deur die Gees van die inspirasie beheers dat hulle

organe word van die goddelike toorn en hulle menslike gemoedsbeweginge as 't ware 'n natrilling van die goddelike gramskap is. 3. Ou- en Nuwe Testament is wesenlik een. Die eis van die liefde, ook teenoor die vyand, word nie alleen in die Nuwe Testament nie maar ook in die O.T. gevind. Aan die ander kant spreek die N.T. nie uitsluitlik van liefde nie. Die hele N.T. is vol van die ontsettende waarheid van die toorn van God. 4. Ons moet egter wel rekening hou met verskil in bedéling. Met die koms van Christus in die vlees is 'n nuwe tydperk ingelui waarin weliswaar die gerig met nuwe krag aangekondig word maar dit ook uitgestel word, omdat die groot en laaste Hede van die genade aangebreek het. Die karakter van hierdie tydperk moet ook die optrede van die volgelinge van Christus bepaal. 5. Die roep van die psalmiste om geregtigheid en daarom ook om die bestraffing van die goddelose word vervul in Christus wat tot Regter gestel is. Die worsteling is ten prinsipale tussen Christus en Satan. Daarom het die psalms wat van hierdie antitese tussen vromes en goddelose getuig ook 'n dieper betekenis. Ook in hierdie opsig is Dawid en die ander psalmiste tipes van Christus en verteenwoordig die goddelose die bose mag waarvan Satan dis hoof is. Daarom word die teen hulle uitgesproke vervloekinge deur ons met volle reg toegepas op die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu. Vgl. ook antwoord 52 van die Heid. Kategismus. 6. As ons die vloekgebede nabid moet dit nie anders geskied nie as in die bewussyn dat ons deur die Gees van God en nie deur sondige beweginge van die vlees gelei word nie. Ons bid om verbreking van die goddelose mag, maar wat hul persone betref sal by die lig van die N.T. iets anders moet domineer. „Wij, die zulk een verwensing lezen in het licht van het Nieuwe Testament en dus in het klare bewustzijn van de daarin opgesloten eeuwige ondergang, zullen niet anders kunnen of mogen dan in ons gebed te doen domineren de bede om het eeuwig behou van de sondaar in de weg der bekering, opdat we zo, met Stephanus, navolgers mogen zijn van Christus zelf (Luk. 23: 34) en het door Hem (toch sterker dan in het O.T.) ons ingeprente gebod der liefde tot de vijand (Matth. 5: 44) mogen volbrengen" (bl. 416).

Hierdie oortuiginge was ook die van Totius en dit lyk na iets heeltemal anders as 'n „Semitiese vergeldingsleer".

As dr. S. in een van sy stellinge by sy promosie verklaar: „Die kerk behoort dit in ernstige oorweging te neem of die Bybelse Psalms

almal (onderstreping van S.) opgeneem behoort te word in die liederbundel van die Christelike gemeente", dan het hy o.m. waarskynlik die vloekgebede op die oog. Nou spreek dit vanself dat die Christelike kerk nie per se al die liedere wat in die Bybel voorkom hoef te sing in sy erediens nie, maar deur die eeue was die psalms tog die liedereboek van die Christelike Kerk en as die motief vir die weglating van sommige psalms dit is wat dr. S. noem dan word eie menslike verstand en hart regter oor die Skrif. Nee, die gemeente van die Here sal ook in hierdie tyd en in die swaar tye wat kom nog sing: Die Heer sal opstaan tot die stryd . . . .

**„Alleen vir ons"?**

In hierdie verband moet ons aan nog 'n bedenking van dr. S. aandag gee. Volgens hom volg uit die antitesebeginsel dat die beryming in 'n sterk mate die stempel ontvang van „alleen vir ons". Die gedagte is daarby dat nie rekening gehou word met die werwende krag van die evangelie nie. Die gelowige sluit hom in selfversekerdheid van die wêreld af.

Hierdie bewering kan alleen gedoen word as vergeet word dat Kuyper naas die leer van die antitese ook die van die gemene grasie en van die koningskap van Christus op alle lewensterreine verkondig het. Nóg Kuyper nóg Totius het hulle egter van die lewe afgesonder. Is dit dan nie juis mense van hierdie belydenis wat onder die vaandel **Pro Rege** uitgetrek het en geywer het vir C.N.O., vir 'n Christelike politiek, perswese ens. nie. Was Totius nie juis die man wat teenoor die bevindelikheid van die Reveilrigting die rasegte Calvinisme in ons land verkondig het nie, wat gestry het vir taal en nasionaliteit?

Ja,hy het die eensaamheid bemin, omdat hy introvert van geaardheid was, omdat hy soos die profete van ouds graag met sy God alleen wou wees, maar waar die stryd moes aangebind word was hy teenwoordig.

**Het Totius getwyfel?**

Ons hoop dat dit die leser so langsamerhand duidelik geword het dat die teologie van Totius in harmonie is met die van die Gereformeerde vaders en dat dit op die Skrif gegrond is. Dr. S. stel dit so voor asof hy dikwels aan die waarheid van wat hy bely het, getwyfel het. Hy praat van „menslike twyfel en kleingeloof" (bl. 115). En verder: die vertwyfeling vind alleen uiting in sy gedigte, „omdat 'n uitspraak daar-

van in die teologie moontlik die odium van onbehoudendheid op hom kon lê". Dit is 'n onwaardige beskuldiging wat van alle waarheid ontbloot is. Dit veronderstel dat hy 'n onopregte was. As daar een ding is waaroor ek nie die minste twyfel het nie is dat aan die rotsvaste oortuiging van my vader. Dink maar aan sy laaste boodskap. Ja, hy het ook met God gewandel, hy het ook in die wag-'n-bietjie-bos van Gods besluit vasgegryp, soos trouens ook die psalmdigters. Maar twyfel is iets anders. En as hy getwyfel het sou hy eerlik genoeg gewees het om dit teenoor sy kerk te bely.

**Het die dogter sy teologie in die beryming ingedra?**

'n Laaste vraag is nou of Totius nie 'n suiwer vertolking gegee het nie maar sy teologie in die berymings ingedra het, wat daarop sou neerkom dat o.m. Kuyperiaanse gedagtes reeds in die O.T. ingedra is en nie rekening gehou is met die feit dat daar eksegese en nie eisegese moes wees nie, en verder die historia revelationis verwaarloos is asof daar geen verskil tussen O.T. en N.T. is nie.

As ons die detailstudie van dr. S. nagaan is daar wel deeglik sake waarop by 'n later revisie ingegaan kan word. Soos reeds gesê kan ons dit nie in hierdie kort bestek behandel nie. Tog maak baie van die opmerkinge die indruk asof daar spykers op laagwater gesoek word. Soms word Totius daarvan beskuldig dat hy „Semitiese" gedagtes oordra na die N.T. en soms net die omgekeerde, nl. dat hy Nuwe-Testamentiese gedagtes in die O.T. indra. Ons kan dit werklik nie bemerk nie en wil in menige geval graag weet hoe dr. S. die beryming dan wel sou wil sien. In baie gevalle word die saak heeltemal uit die gesigshoek van die kritiese teoloë gesien. So word bv. die gedagte van Beek oorgeneem dat ons liewer van monolatrie as van monoteïsme by Israel moet spreek. Dr. S. wil wel spreek van „momente uit die wese van 'n montheïstiese godsvoorstelling". Op dieselfde bladsy blyk dat wat hy van Israel sê ook geld van die O.T. Ons wil van ons kant beweer dat dr. S. vanuit sy kritiese visie dinge in die O.T. indra wat daar nie staan nie. Maar dit kan alleen in 'n detailstudie aangetoon word, wat ons D.V. moontlik nog later onderneem.

**Slot.**

Ons wil kortliks saamvat: in die werk van dr. S. het ons die produk van gedeë studie. Dit is 'n openhartige bespreking en tereg het die promotor van dr. S. die gedagte uitgespreek dat hy moontlik in sy land

as 'n „klein beeldestormer" beskou kan word. Hy sou 'n beeldestormer kon gewees het as sy teologie meer in harmonie was met die van die Psalmberymer. Ons vrees dat die deursnee Afrikaner hom nie sal volg in sy storm nie. Maar ten spyte van alles — ons het respek vir die arbeid van hierdie jong doktor. Mag dit alleen maar wees dat hy in die loop van die jare hom ook in die Gereformeerde teologie dieper ingrawe.

S. DU TOIT.